

Die genadeverbond met Adam (1) (OP127)

Gen 3:8-15

30 April 2023

Laasweek het ons stilgestaan by die duiwel wat vir Eva verlei en versoek het, asook by die ongehoorsaamheid van Eva, en daarna ook by die ongehoorsaamheid van Adam. Ons het gesien die duiwel het Eva verlei deur agterdog by haar te wek, deur halwe waarhede aan haar te vertel, en ook deur volslae leuens vir haar te vertel. Hy het God se karakter in twyfel getrek en aangetas, en het ook spesifiek gesuggereer dat God hulle nie sou oordeel as hulle wel van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet nie. Eva het geswig en het in ongehoorsaamheid wel geëet van hierdie boom se vrugte. Haar ongehoorsaamheid het gevolg omdat sy haar ore uitgeleen het aan die redenasies van die duiwel. Verder het sy haar eie, beperkte oordeel meer vertrou as God se oordeel, en dus tot die slotsom gekom dat hierdie boom se vrugte goed was. Boonop het sy hare eie ideale gehad wat sy graag sou wou laat realiseer, selfs al sou dit nodig wees om God se opdragte te oortree. Ons het ook gesien dat Adam ook in ongehoorsaamheid van die boom se vrugte geëet het. Dit het gebeur nadat hy nie as hoof van sy vrou haar tereggewys het en gewaarsku het dat sy nie na die duiwel moet luister nie. Verder het hy hom ook skuldig gemaak daaraan dat hy nie die tuin behoorlik bewaak het deur die duiwel uit te hou nie. Die onmiddellike gevolg van hulle ongehoorsaamheid was dat hulle besef het hulle is naak – veral naak weens 'n gebrek aan regverdige dade. Boonop was hulle nou skaam en bang, en dus het hulle vyeblare aanmekaar gewerk as klere.

Vandag wil ek stilstaan by verdere implikasies van hulle ongehoorsaamheid. Ons gaan kortliks kyk na God wat hulle konfronteer in verse 8-13, en daarna wil ek begin om te kyk na God se oordeel oor hulle. Ons lees in verse 14-19 dat God eers die slang, daarna vir Eva en laastens vir Adam oordeel. Ons gaan vandag net stilstaan by God se oordeel oor die slang, en, as die Here wil, sal ons volgende keer kyk na God se oordeel oor Eva en Adam. Ek hoop om ook te verduidelik dat terwyl God aldrie partye geoordeel het, was Hy ook besig om 'n verbond op te rig tussen Hom en hulle. Ek gaan dus 'n paar opmerkings maak oor God se oorkoepelende verbond van verlossing, en ons gaan begin om daarna in meer detail te kyk na God se verbond met Adam.

God konfronteer vir Adam en Eva (Gen 3:8-13)

Let daarop dat telkens in verse 1-5 as die duiwel aan die woord is, verwys hy na God net as God, bv vers 2: “Is dit werklik so dat God gesê het...”. Eva begin ook so praat in vers 3: “maar oor die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê...”. Maar vanaf vers 8 word daar weer telkens na God verwys as die Here God, m.a.w. daar word na God verwys as die Verbondsgod. Dit is die Verbondsgod wat die mens en sy vrou konfronteer – immers het hulle die bepalinge van Sy skeppingsverbond met hulle oortree. Maar, al het hulle die bepalinge van hierdie verbond oortree, bemoei Hy Hom as die Verbondsgod steeds met hulle.

Hy besoek hulle in die middagkoelte. Maar a.g.v. hulle naaktheid, hulle skaamte en hulle vrees, kruip die mens en sy vrou weg. God roep na hulle. Siende dat 'n mens in elk geval nie werklik vir God kan wegkruip nie, moet hulle hulle naaktheid erken. Maar God weet direk wat die oorsaak is as hulle nou skielik skaam is oor hulle naaktheid, en vra dus of hulle geëet het van die boom waarvan hulle nie mog eet nie. En hulle moes erken dit is die geval.

Let op die volgende wanneer die Here God hulle konfronteer:

- Die Here God verwys glad nie na die godslastering wat plaasgevind het in verse 1-5 waar die slang gesuggereer het dat God onredelik is of selfs God direk beskuldig het daarvan dat Hy

gelieg het toe Hy gesê het hulle sal beslis sterf. Hy verwys ook nie na Eva wat eerder haar eie oordeel oor die kwaliteit van die vrugte vertrou het as God se oordeel nie. Dit is asof die Here God daardeur te kenne wil gee, Hy is nie afhanklik van hulle oordeel oor Hom nie – maar hulle is wel afhanklik van Sy oordeel oor hulle – soos wat ons spoedig sal sien.

- As God vir hulle vra of hulle wel geëet het van die verbode boom, dan skeep God daarmee ‘n geleentheid vir hulle om hulle sonde te erken en te bely. Maar ongelukkig gebruik nie Adam of Eva hierdie geleentheid nie. I.p.v. skuldbelydenis gebruik hulle eerder beskuldigings om hulleself te probeer verontskuldig: Adam pak die skuld op Eva, en boonop voeg hy by sy is die vrou wat die Here God vir hom gegee het – in effek beskuldig Hy selfs vir God. Op haar beurt beskuldig Eva die slang.
- Let ook op: In vers 9 lees ons: “Die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: ‘Waar is jy?’”. Al was Eva die een wat eerste in sonde geval het, wanneer die Here God kom om hulle te konfronteer, dan begin God by Adam – immers is hy die hoof van Eva. Ja, die Here God konfronteer later ook vir Eva, maar Hy begin by Adam. Adam moes vir Eva geleer het, Adam moes haar gekeer het, Adam moes die tuin effektief bewaak het – Adam is in die eerste plek verantwoordelik vir wat in hulle huwelik gebeur. Netso hou die Here God vandag steeds, in die eerste plek, die man verantwoordelik vir wat in sy huwelik gebeur.

God se verbond van verlossing

Ek wil nou begin om te kyk na God se verbond van verlossing. In my bespreking hiervan maak ek ruim gebruik van O Palmer Robertson se beskrywing in sy boek “The Christ of the Covenants”, asook van CJ Collins se beskrywing in sy kommentaar oor Gen 1-4.

In ons bestudering van Gen 1-2 het ons gesien dat die Here God ‘n verbond opgerig het. Ons het dit die skeppingsverbond genoem. Die Here God het hierdie verbond soewerein met die mens gesluit. As deel van hierdie verbond het die Here God aan die mens sekere bepalinge of opdragte gegee wat die mens moet nakom. Ons het vier spesifieke opdragte gesien:

- Die mens moet heers. Dit behels hy moet heers oor die diere en die skepping, hy moet die aarde onderwerp, en hy moet die tuin bewerk en bewaak.
- Die mens moet vermeerder en die aarde vul. Dit moet binne die huwelik gebeur.
- Die mens moet elke sewende dag rus. Op hierdie dag moet hy besin oor waar alles vandaan kom, en hy moet besin oor waarheen alles oppad is – naamlik daardie ewige rus wat later in die Bybel so pertinent na vore tree.
- Die mens mag nie eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie, wat geïmpliseer het die mens moet onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan God se opdragte.

Ons het gesien dit was ‘n werksverbond, want die verantwoordelikheid was by die mens om hierdie opdragte uit te voer. Wanneer die mens alles suksesvol uitgevoer het, sou God Sy doel met die skepping bereik het, en sou die mens die voorreg gehad het om ook die ewige rus in te gaan waar hulle God sal verheerlik omdat Hy dit waardig is.

Die harde realiteit in Gen 3 is dat die mens wel geëet het van die boom waarvan hulle nie mog eet nie, en boonop het van die ander opdragte ook nog baie min tereg gekom, met die gevolg dat hulle nou naak staan weens ‘n gebrek aan regverdige dade wat uitgevoer moes word in lyn met God se skeppingsopdragte. Wat is die implikasies hiervan vir die skeppingsverbond? Beteken dit dat alles wat deel is van daardie verbond nou verval het? En by implikasie, beteken dit dat God nie Sy doel met die skepping gaan bereik nie?

Genadiglik is die antwoord hierop: Nee. Soos wat ons in ons bestudering van die verbond wat God nou, na die sondeval, met Adam gaan oprig, sal sien, en soos wat ons uit daaropvolgende verbondsluitings later in die Openbaringsgeskiedenis sal sien, bly God se doel met die verbond steeds dieselfde – die aarde moet gevul word met die heerlijkheid van God. Selfs daardie ewige rus waarin die mens sou deel, is steeds beskikbaar. Selfs die bepalinge van die skeppingsverbond bly grotendeels van krag, hulle is nie presies dieselfde nie, maar wel grotendeels. Maar daar is 'n reuse groot verandering wat hier in Gen 3 intree, wat nie in Gen 1 en 2 gegeld het nie. A.g.v. Adam en Eva se ongehoorsaamheid, a.g.v. die feit dat God gesê het hulle sal sterf as hulle ongehoorsaam is, daarom is dit nodig dat God nou moet oordeel. En die resultaat van die oordeel moet wees, dat die mens moet sterf – dit is wat God beloof het. Maar hoe kan die aarde ooit gevul word met die heerlijkheid van God as die ganse mensdom, wat juis na Sy beeld geskep is, hulle skeppingsdoel gemis het en nou moet sterf? Wel, dit sal alleen moontlik wees as God die bepalinge van Sy verbond dieselfde hou, en ook die einddoel van Sy verbond dieselfde hou, maar 'n ander manier implementeer waardeur hierdie einddoel bereik kan word, sonder dat God Sy belofte om die mens ook te oordeel oor sy ongehoorsaamheid, hoef prys te gee. Die punt is dat God die manier waarop hierdie verbond werk, radikaal sal moet verander. Hoe die Here God hierdie verbond se werking ook al verander, dit moet sodanig wees dat dit nie meer afhanklik sal wees van die mens se gehoorsaamheid nie – want die mens het gewys hy kan die opdragte nie in gehoorsaamheid uitvoer nie. Nee, die uitkoms van die verbond – God se heerlijkheid in daardie ewige rus nadat al die mens se skeppingsopdragte suksesvol voltooi is – kan net verseker word as God die verantwoordelikheid op Homself neem om dit te bewerk. Ja, Hy kan steeds die mensdom gebruik, maar dan sal Hy aan hulle genade moet bewys sodat hulle in staat kan wees om hierdie opdragte uit te voer, en Hy sal ook op 'n manier die straf wat hulle moet dra a.g.v. hulle ongehoorsaamheid, iewers aan 'n mens wat dit kan dra, moet toedien. Dit is die radikale skuif wat gebeur van Gen 2 na Gen 3. Ja, die einddoel bly dieselfde. Ja, die skeppingsopdragte bly grotendeels dieselfde, maar die verantwoordelikheid om dit te bereik skuif van die mens na die Here God. Die Here God sal die resultaat uit genade vir die mens gee. Maar let op: As God dit doen, as Hy in genade hulle bekwaam maak om dit te kan doen en as Hy op 'n wyse die straf wat hulle verdien, ook namens hulle kan dra, wel, dan sal die mens nog meer rede hê om God te verheerlik, want nou ontvang die mens daardie ewige rus uit genade, en nie meer uit verdienste nie. Sien jy die reuse vooruitgang? Nie net is die bereiking van God se einddoel nie meer afhanklik van die wisselvallige gehoorsaamheid van die mens nie, nee, dit staan nou onwrikbaar vas, want God neem self die verantwoordelikheid daarvoor, maar boonop gaan God in die proses nog meer heerlijkheid waardig wees: Hy gaan nog meer heerlijkheid waardig wees omdat die mense wat uit genade deel kry aan daardie einddoel, die einddoel wat hulle self nie kon bereik nie, aan Hom die lof sal bring omdat Hy hulle uit genade daar gebring het. Daarom is selfs die sondeval 'n instrument wat bygedra het daartoe dat die Here God nog meer verheerlik word!

Die belangrike punt is dit: Vanaf Gen 3 verander die meganisme waarvolgens die verbond werk van 'n werksverbond in Gen 2, na 'n genadeverbond vanaf Gen 3. En dit bly 'n genadeverbond van Gen 3 af vir ewig. Ja, in die loop van die Bybelgeskiedenis gaan die Here God verskillende dele van hierdie verbond in meer detail uitlig: Ons gaan nou in meer detail kyk na die verbond met Adam in die res van Gen 3. Later sal daar die verbond wees met Noag, en dan met Abraham, en met Moses, en met Dawid – en op die ou end die nuwe verbond wanneer Jesus kom. Maar al hierdie verbonde werk na dieselfde eindpunt toe. En al hierdie verbonde werk op dieselfde beginsel – hulle is almal genadeverbonde. Let op: vanaf Gen 3 is hulle almal genadeverbonde. Die laaste werksverbond tussen God en die mens was in Gen 2. Dit beteken selfs die verbonde in die Ou Testament is genadeverbonde. Dit beteken selfs die Sinaiverbond, oftewel die verbond met Moses, is 'n genadeverbond. Dit beteken daardie algemene siening dat in die Ou Testament die volk hulle

saligheid moes verdien, is eenvoudig verkeerd en 'n uiters gebrekkige verstaan van God se openbaring. As dit waar sou wees dat die gelowiges in die Ou Testament hulle saligheid moes verdien, hoekom gee die Here God dan alreeds in Gen 3 aan Adam en Eva velklere?

Die verbond met Adam

Kom ons begin nou om te kyk na die verbond wat God met Adam gesluit het na die sondeval. Soos ek alreeds gesê het, ons gaan nie alles vandag bespreek nie. Ek beplan om volgende week hiermee voort te gaan.

In Gen 3:14-19 lees ons van God se oordeel eers oor die slang, dan oor Eva en laastens oor Adam. Dit is eenvoudig verstommend dat God se oordeel oor hulle ongehoorsaamheid, gelyktydig ook die begin is van God se verlossingsverbond met die mensdom, en meer spesifiek, dat dit ook die begin is van God se verbond met Adam as die eerste deel van hierdie verlossingsverbond. Wat nog meer verstommend is, is dat dit juis God se oordeel oor die slang is wat die oprigting van die verbond inlei. Terwyl die Here God besig is om die slang te veroordeel, inisieer Hy Sy verlossingsverbond se eerste element met Adam. Let op, hier word geen verlossing vir die slang, oftewel die duiwel, beloof nie. Nee, God se oordeel oor die duiwel, wat vir Eva en Adam verlei het tot ongehoorsaamheid, bevat ook die eerste elemente van verlossing vir die mens.

In Gen 3:14 lees ons: “Toe sê die Here God vir die slang: ‘Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die mak diere en al die diere van die veld; op jou pens sal jy seil, en stof sal jy eet, solank as jy leef.’” Ek stem saam met meeste kommentatore wat sê dat hierdie vers spesifiek op die slang, die dier, gemik is – nie op die duiwel nie. Onthou: die duiwel het deur die slang opgetree. Die fisiese slang word hier vervloek. Die vraag wat dikwels ontstaan, is: Beteken vers 14 dat die slang voor die sondeval nie op sy pens geseil het nie? Het die slang toe pote gehad, en omdat hy die instrument van die duiwel was, het die Here God nou sy pote weggeneem? Wel, kom ek vra vir jou die volgende: Die laaste deel van vers 14 sê die slang sal stof eet solank as hy leef. Eet slange werklik stof? Ons weet tog almal dat slange goed eet soos muise, nie stof nie. Ek stem hier saam met kommentatore soos Kidner, Collins en Robertson dat ons hier beeldspraak het, oftewel 'n simboliese beskrywing. Kyk, om op jou pens te seil en stof te eet vir die res van jou lewe, is eenvoudig vernederend, dit is simbolies van jou ondergang. En dit is die punt: die slang word verneder, omdat hy instrument van die duiwel was. Hy word die simbool van vernedering en ondergang. Netsoos wat daar voor die sondeval ook reënboë was, maar God aan die reënboog 'n besondere betekenis gegee het tydens die sluiting van die verbond met Noag, netso het die seilende slang hier met die sluiting van die verbond met Adam 'n simboliese betekenis gekry van die vernedering en komende ondergang van die duiwel. Soos wat die reënboog ons moet herinner aan God se belofte dat Hy die aarde in stand sal hou, so moet seilende slange ons herinner aan die ondergang van die duiwel.

Kom ons beweeg aan na vers 15: “Vyandskap sal Ek tussen jou en die vrou stel, en tussen jou nageslag en haar nageslag, Hy sal jou kop aanval, en jy sal sy hakskeen aanval.” Die verrassende is om hier te lees dat die Here God, die Verbondsgod, sê Hy stel vyandskap. Dit klink vreemd. Is God dan nie die God van liefde nie? Hoe kan die liefdevolle God vyandskap stel? Wel, onthou die konteks: Die duiwel het die mens verlei om ongehoorsaam te wees. Effektief beteken dit dat die mens, Adam en Eva, kant gekies het saam met die duiwel, en teen God. Eva (en Adam) was kop in een mus met die duiwel. Maar, wanneer die Verbondsgod die duiwel oordeel, dan stel Hy vyandskap tussen die duiwel en die vrou. Geliefdes, die feit dat daar hoegenaamd vyandskap is tussen mense, selfs al is dit net sommige mense, en die duiwel is die resultaat van God wat die vyandskap daargestel het. As God dit nie daargestel het nie, was ons almal steeds aan die duiwel se kant. Die feit dat daar

vyandskap is tussen ten minste sommige mense en die duiwel is die resultaat van 'n genadige handeling van die Verbondsgod. Dit is hoekom ons sê hier word 'n genadeverbond opgerig.

In vers 15 stel God vyandskap tussen drie groepe of partye: (1) tussen "jou" en "die vrou", (2) tussen "jou nageslag" en "haar nageslag", en (3) tussen "Hy" en "jy". Kom ons kyk kortliks na elkeen:

- Tussen "jou" en "die vrou": Dit is duidelik wie die "jou" is – die Here God is besig om met die slang te praat. Maar die slang is die instrument wat die duiwel gebruik, en dus moet die "jou" na die duiwel verwys. "Die vrou" moet tog sekerlik ten minste in die eerste plek verwys na Eva – dit was immers sy wat eerste voor die duiwel geswig het. Dit is absolute genade dat God begin en vyandskap stel tussen haar en die duiwel. O Palmer Robertson spekuleer oor hoekom die Here God Hom eerste oor Eva ontferm, en hy gee drie redes hoekom hy dink God met haar begin het. Hy sê: (1) Sy het eerste gesondig, so God se genade begin ook met haar – dit spreek boekdele van God se genade. (2) Adam kon later sy vrou verag het omdat sy eerste gesondig het en hom ook verlei het om te sondig – maar nou begin die Here God juis om Sy genade ook juis eerstens aan Eva te demonstreer. Adam sal dus mooi moet dink as hy sy vrou wil verag. (3) Dit sou ook juis uit die vrou se nageslag wees dat die Een gebore sou word wat finaal die duiwel sou oorwin.
- Tussen "jou nageslag" en "haar nageslag": Die vyandskap wat God stel, strek egter verder. Daar sal ook vyandskap wees tussen die nageslag van die vrou, en die nageslag van die duiwel. Wie is die nageslag van die duiwel? Is dit klein slangetjies? Wie is die nageslag van die vrou? Is dit die volle fisiese nageslag van Eva? In Gen 4 lees ons van Kain wat sy broer Abel doodgeslaan het. 1 Joh 3:11-12 verwys hierna en sê: "Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Dat ons mekaar moet liefhê – nie soos Kain, wat uit die Bose was en sy broer vermoor het nie. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy dade sleg was, en dié van sy broer regverdig." Kain was dus uit die Bose en het slegte dade gedoen, anders as Abel wat regverdige dade gedoen het. Gevolglik was daar vyandskap tussen Kain en Abel, en Kain maak Abel dood. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat daar by iemand soos Kain, alhoewel hy deel van die fisiese nageslag van Eva was, nie vyandskap was tussen hom en die duiwel nie. Hy maak dus deel uit van die nageslag van die duiwel. Abel, het egter wel vyandskap met die duiwel, en Kain, gehad en was dus deel van die nageslag van die vrou. Daar is ander gedeeltes in die Bybel wat ook bevestig dat die mensdom verdeel is: In Luk 3:7 spreek Johannes die Doper die mense wat na hom gekom het om gedoop te word, aan as "Addergeslag" (DAV) of "Julle slange" (NAV) of "You brood of vipers" (NIV). Of dink aan Jesus wat die Jode in Joh 8:44 beskryf as "Julle kom van julle vader, die duiwel, en julle wil die begeertes van julle vader uitvoer." Vanaf Gen 3, is die mensdom verdeel. Alhoewel die ganse mensdom die fisiese nageslag van Eva is, is daar vyandskap tussen 'n deel van haar fisiese nageslag en die duiwel – hulle word hier in vers 15 beskryf as haar nageslag – en daar is geen vyandskap tussen die ander deel van haar fisiese nageslag en die duiwel nie – hulle word in vers 15 beskryf as die nageslag van die duiwel.
- Tussen "Hy" en "jy": Die laaste deel van vers 15 sê: "Hy sal jou kop aanval, en jy sal sy hakskeen aanval" – duidelik is hier nog 'n vyandskap wat God daargestel het: 'n vyandskap tussen "Hy" en "jy". Weereens is dit duidelik wie die "jy" is: Siende dat God besig is om met die duiwel te praat oor sy verleiding van Eva, is die "jy" dus die duiwel. Daar is taalkundig twee argumente wat gemaak kan word oor na wie die "Hy" verwys: (1) Dit kan na die "nageslag van die vrou" verwys waarna in die vorige gedeelte van die vers verwys is. As dit die betekenis is, dan sou dit in lyn wees met Rom 16:20 waar ons lees: "Die God van vrede sal Satan spoedig onder julle voete verpletter". (2) Daar is egter 'n sterker argument wat eerder aanvaarbaar is: Die voornaamwoord "Hy" in vers 15 in Hebreeus is manlik en

enkelvoud – dit laat die indruk ontstaan hier word na 'n spesifieke manlike individu verwys. Siende dat die “jy” in hierdie gedeelte in Hebreeus ook enkelvoud is, en juis na die individu “die duiwel” verwys, kan ons aanvaar dat die “Hy” ook eerder na 'n enkele individu moet verwys as die totale nageslag van die vrou. Hierdie “Hy” sal egter wel uit die nageslag van die vrou kom waarvan in die vorige gedeelte van die vers gepraat is. As ons dit so lees, dan beteken dit die “Hy” word die verteenwoordiger van die nageslag van die vrou, en die “jy”, wat die duiwel is, word die verteenwoordiger van die nageslag van die duiwel. En die punt hier is dat daar vyandskap is tussen die “Hy” en die “jy”. Ja, daar is ook vyandskap tussen die twee groepe wat hulle verteenwoordig, maar daar is ook spesifiek vyandskap tussen hulle twee.

Dit is ook duidelik dat beide die “Hy” en die “jy” die ander een wil doodmaak en oorwin. Hulle volg egter verskillende strategieë: “Hy” val die kop van die duiwel aan. As “Hy” die kop van die slang sou verbrysel, sal dit dodelik wees, dit sal die einde van die slang, oftewel die duiwel, beteken. Sy strategie is dus duidelik: om die duiwel totaal te vernietig. Die strategie van die “jy”, die duiwel, is anders: hy teiken nie die kop nie, maar die hakskeen. Dit is meer onderduims, agterbaks. Ja, hy sou ook graag die “Hy” wil oorwin, maar hy doen dit onderlangs, onderduims, skelm, listig – soos ons in vers 1 gelees het.

Die vraag is natuurlik: Wie is die “Hy”? Wel, Gen 3 gee nie vir ons die volledige antwoord nie. Ons weet Hy kom uit die nageslag van die vrou, en Hy verteenwoordig die nageslag van die vrou, wat daardie deel van die mensdom is wat in vyandskap is met die duiwel. En ons weet Hy gaan die duiwel en sy nageslag oorwin. Maar ons het die res van die Skrif wat ons kan help om te verstaan wie die “Hy” is: 1 Kor 15:22 sê Jesus Christus is die Een deur wie mense lewend gemaak word – dit is tog juis wat nodig is vir die nageslag van die vrou wat in vyandskap met die duiwel is – hulle moet lewend gemaak word, siende dat hulle gesterf het in hulle sonde. Christus is die Een wat dit doen: namens hulle en vir hulle, as hulle verteenwoordiger. Kol 2:14-15 sê Jesus het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis toe Hy dit aan die kruis gespyker het. So het Hy ook die gesagvoerders en die maghebbers ontwapen en hulle in Sy triomftog meegevoer. Hy het dus die duiwel oorwin. In Op 20 lees ons hoe Jesus vir 1000 jaar regeer terwyl die duiwel vasgeketting is, en na die 1000 jaar om is, word die duiwel in die poel van vuur en swael gegooi vir ewig – sy kop is finaal vermorsel. Die “Hy” is die Here Jesus Christus. Die eerste belofte van Sy koms om verlossing vir die nageslag van die vrou te bewerk en om die duiwel finaal te vernietig, word in Gen 3:15 gegee. Dit is hoekom ons sê hier is die begin van God se verlossingsverbond – en hierdie verbond is 'n genadeverbond – want God neem die verantwoordelik op Homself, en skenk die resultaat van Sy werk uit genade aan die nageslag van die vrou.

Wat ons tot hiertoe beskryf het, is nie 'n volledige beskrywing van die verbond met Adam nie. As dit al was wat God gesê het, sou mens die indruk kon kry dat hy nou agteroor kan sit en wag dat God alles doen – die Here God is mos nou verantwoordelik. Dit is nie die geval nie – daar is nog heelwat wat ons oor moet gesels. Ek hoop om volgende week voort te gaan deur te kyk na wat verder gebeur in Gen 3.

Implikasie

Ek wil afsluit deur een implikasie uit te lig wat ons vandag oordink het:

Wat ons moet raaksien is dat die verlossing van die nageslag van die vrou hand aan hand gaan met die oorwinning oor die duiwel en sy nageslag. Dit beteken die verlossing van die nageslag van die

vrou loop hand aan hand met stryd – immers is daar vyandskap tussen haar en haar nageslag en die duivel en sy nageslag. Die vyandskap is daar, want God het dit daar gestel – uit genade uit. As God nie die vyandskap daargestel het nie, sou die ganse mensdom aan die duivel se kant gewees het. Maar nou is daar stryd – en die stryd sal bly tot aan die einde wanneer die duivel en sy nageslag finaal oorwin en in die vuurpoel gegooi word. Ons moet dit onthou wanneer ons deur die Bybel lees en ons kom by gedeeltes soos byvoorbeeld wanneer die volk die beloofde land moet inneem en die ander volke wat daar woon, moet uitroei. Ons moet dit onthou wanneer ons in Psalms lees hoe van die digters soms vloeke uitspreek oor hulle vyande. Ons leef in 'n tyd waar 'n hoë premie geplaas word op humanitêre oorwegings – alle mense moet op 'n waardige en menslik manier hanteer word – en dan klink hierdie optredes in die Ou Testament onaanvaarbaar. Natuurlik is dit ook so dat ons alle mens moet liefhê. Wat ons nie egter nie moet vergeet nie, is dat daar 'n stryd aan die gang is tussen die vrou en die duivel, tussen haar nageslag en sy nageslag. Die verlossing van die nageslag van die vrou gaan noodwendig gepaard met God se oorwinning oor die duivel en sy nageslag, en dus met stryd. Dit is wat baie grafies vir ons in die Ou Testament uitgewys word. Die teenwoordigheid van hierdie stryd teen die bose, is 'n genade-ingryping van God. Sonder Sy ingrype sou ons almal deel van die nageslag van die duivel gewees het. Daarmee sê ek nie ons moet ons nie beywer vir vrede nie. Maar ons moet verstaan dat ons nie in hierdie sondegevalle wêreld altyd in vrede met alle mense en alle praktyke kan lewe nie. Daar is steeds 'n grootse stryd aan die gang. Die duivel is gebind, maar nog nie finaal in die vuurpoel gegooi nie.